# ZOÖN



S.A. PUBLIC LIBRARY
14 FEB 1968
S.A. OPENBARE BIBLIOTEEK

ZOÖN NO. 9 SEPTEMBER 1967
PUBLIKASIE VAN DIE DIERKUNDIGE VERENIGING VAN DIE NASIONALE DIERETUIN VAN SUID-AFRIKA, PRETORIA

BESONDERHEDE OOR DIE DIERKUNDIGE VERENIGING

KOMITEE:
President : Dr. P. J. du Toit
Voorsitter : Dr. D. J. Brand
Sekretaris : Mnr. A. A. Groenewald
Addisionele Lede : Mnr. N. L. P. van der Walt
Mev. M. Basson

LIDMAATSKAP EN LEDEGELDE:
Lede van die publiek kan by die Vereniging aansluit as -
(a) Weldoeners - R100
(b) Lewenslange Lede - R20.00
(c) Gesinslede - R4.00 per jaar
(d) Gewone lede - R2.00 per jaar
(e) Junior lede (persone onder 18 jaar) - R1.00 per jaar
Vir die nodige aansoekvorms skryf aan: Die Direkteur, Nasionale Dieretuin van Suid-Afrika, Posbus 754, Pretoria.

VOORREGTE VAN LEDE:
(a) Vrye toegang: Daar is geen beperking op die aantal besoeke wat afgelê word nie, maar die lidmaatskapkaart moet egter by elke besoek getoon word.
(b) Gratis eksemplare van ons tydskrif „Zoön".
(c) 'n Gratis gidsboek aan nuwe lede.
(d) 'n Gratis retoerrit op die „Laurie Ham-Ekspres" na die nuwe uitbreiding noord van die Apiesrivier by elke besoek aan die dieretuin. In die geval van weldoeners, lede en gesinslede, deel lede van die gesin hierdie voorreg.

INHOUD

Die Erdvark ...... 1
Die Jakkalse van Suidelike Afrika ...... 3
Dieretuinkaart ...... 6-7
Nuwe Ontwikkelings ...... 8
Veterane ...... 10

REDAKSIE
Hoofredakteur:
Mnr. L. J. Smith
Taaladviseur:
Mnr. A. Kirsipuu

BUITEBLAD Erdvark in die Nasionale Dieretuin — Foto: Dick Wolff.

Middleton & Joubert, Pta.

Zuluana, die witrenosterkoei — **Ceratotherium simum simum** — is op 23 Julie 1946 gebore en is 5 dae later na die Dieretuin gebring. Sy is die enigste witrenoster van haar ouderdom wie se geboortedatum korrek aangeteken is en wat nog steeds lewe na een-en-twintig jaar.

Net 'n paar van die groter reptiele word in ons dieretuin vertoon en party van hulle is al taamlik oud. Die Mississippi-alligator is in 1920 as 'n geskenk van die Philadelphia Zoological Society uit Amerika ontvang. 'n Nyl-krokodil het gedurende November 1930 hier aangeland en is tans, op 'n ouderdom van meer as 37 jaar, nog altyd in die dieretuin.

Diere in dieretuine lewe gewoonlik langer as dié in die natuur; dit kan toegeskryf word aan die feit dat eersgenoemdes gereeld gevoed word, nie nodig het om met ander diere mee te ding nie en dat die bedreiging deur roofvyande natuurlik uitgeskakel is. Met die wetenskaplike voedingsmetodes wat deesdae in moderne dieretuine toegepas word, kan diere, aldaar aangehou, vir langer as die gemiddelde leeftyd van dié in die natuur, aan die lewe gehou word.



Witrenoster „Zuluana" toe sy 1 maand oud was in 1946
— Foto Martin Gibbs

„Zuluana" vandag
— Foto Dick Wolff

